

Donderdag 19 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 5:17-22

**Fokusgedeelte: Matteus 5:21, 22;
Heidelbergse Kategismus 40:105**

Bewaar en beskerm die lewe

'n Mens is nie meer lus om die koerant te lees of na die nuus oor die televisie te kyk nie. Byna elke berig handel oor 'n moord wat gepleeg is, of geweldpleging en opstande, met gepaardgaande lewensverlies.

Jy mag nie moord pleeg nie, sê die Here in Eksodus 20:13. Die woord wat in die oor-spronklike Hebreeus gebruik word, is 'n sterker woord as wat algemeen vir "doodmaak" gebruik is. Dit wil praat van "wederregtelik die lewe ontnem". Die lewe kom van God en net God het beskikkingsreg daaroor. So gesien, steek elkeen wat die naaste sy lewe ont-neem, sy hand uit na God self.

Daarby word ons positief geroep om mekaar se laste te dra en mekaar lief te hê. Wraakgedagtes kan tog nooit in die lewe van die gelowige 'n plek hê nie.

Ook mag jy nie jouself leed aandoen deur roekeloos te lewe of moedswillig jou lewe in gevaar te stel nie. Dit geld natuurlik ten diepste vir selfdood of op watter wyse die lewe deur eutanase beëindig (wil) word. Maar dit geld ook vir hoe jy elke dag lewe. Die gelowige word geroep om sy liggaam, wat 'n tempel van die Heilige Gees is, te bewaar deur ge-sond te lewe en oormatige inname van voedsel en drank te vermy!

Dank die Here vandag en elke dag vir die lewe wat Hy gee. Jou eie lewe en die lewe van die naaste. Bewaar en beskerm die lewe.

Sing: Skrifberyming 9-1:1, 8

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Moorivier)